

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Minister van Wet en Orde v McKenzie (439/87) [1989] ZASCA 14 (21 March 1989)

[1989] ZASCA 14

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Hefer, Grosskopf, Vivier, Steyn, Eksteen

CASE / FILE NUMBER

439/87

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saak No:KPA 439/87

DIE MINISTER VAN WET EN ORDE

en

IAN DONALD McKENZIE RESPONDENT

J J F HEFER AR

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRKA

APPÈLAFDELING In die saak tussen

DIE MINISTER VAN WET EN ORDE APPELLANT

IAN DONALD McKENZIE RESPONDENT

CORAM : HEFER, E M GROSSKOPF, VIVIER, STEYN et EKSTEEN ARR.

AANGEHOOR : 15 FEBRUARIE 1989.

GELEWER : 21 MAART 1989.

UITSPRAAK

HEFER AR :

Die regulasies wat op 12 Junie 1986 in Prokla-
masie R 109/86 ooreenkomstig art 3 van die Wet op Open-
bare Veiligheid (Wet 3 van 1953) afgekondig is,

/2

2. het 'n aantal onlangse beslissings van hierdie hof ter sprake gekom. Reg 3 waaroor dit in die onderhawige ge-val gaan, is oorweeg o.a. in *State President and Others v Tsenoli* 1986(4) S A 1150, *Minister of Law and Order and Another v Dempsey* 1988(3) S A 19 en *Nagumba/Damons N O/Jooste v Staatspresident en Andere* 1988(4) S A 224. In

die lig van die breedvoerige bespreking in daardie beslissing is ek nie van voorneme om reg 3 weer aan te haal of te bespreek nie. Die respondent in die appèl was gedurende 1986 'n student aan die Universiteit van Kaapstad. Sy bedrywig-hede, waaroor daar nie uitgewei hoef te word nie, het mee-gebring dat hy gedurende Julie 1986 gearresteer en tot Oktober 1986 onder reg 3 in die gevangenis aangehou is.

/3 3.

Nie lank na sy vrylating nie is hy gedurende die nag van 11 Desember 1986 betrap terwyl hy besig was om pamflette in Woodstock te versprei. Die oggend van 12 Desember 1986 is hy ooreenkomstig reg 3(1) deur 'n lid van die veiligheidstak van die polisie gearresteer en aangehou en op 22 Desember 1986 het die appellant kragtens reg 3(3) gelas dat hy verder aangehou word vir solank die regulasies van krag is. Vanaf 24 Desember 1986 is hy in die Pollsmoor gevangenis aangehou.

Na 'n vrugtelose versoek wat respondent se prokureurs op 23 Desember 1986 om hom "on compassionate grounds" vry te laat tot die appellant gerig het, het sy prokureurs die appellant op 20 Januarie 1987 versoek om die redes vir sy voortgesette aanhouding skriftelik

/4

4. te verskaf. Toe die redes teen die begin van Februarie 1987 nog nie ontvang is nie, is 'n aansoek om sy vrylating by die hof a quo ingehandig. In die kennisgewing van mosie is 'n bevel aangevra - "(a)

(b) Declaring:

- (i) the arrest on 12 December 1986; and (ii) the initial detention for 14 days; and (iii) the continued detention until the lifting of the State of Emergency; of the applicant to be unlawful and of no force and effect.

(c) Directing the respondents forthwith to

release the Applicant from detention at Pollsmoor prison.

(d) Alternatively to paragraphs (b) and (c)

...../5 5. above : Directing the First respondent to furnish the Applicant in writing with the reasons for his continued detention in terms of

Regulation 3(3) of Proclamation R.109 of 12 June 1986.

(e) Further or alternative relief.

(f) Ordering the First Respondent to pay the costs of this application, except in the event of the Second respondent opposing

the Application, in which event, ordering

the Respondents to pay the costs of this application jointly and severally, the or paying the other to be absolved. "

Op 12 Februarie 1987 het respondent se prokureurs 'n brief ge-

dateer 10 Februarie 1987 van die appellant ontvang wat soos

volg lui:

"Dear Sirs, Detention in terms of Regulation 3(3) of the Regulations promulgated under the Public Safety

/6

6.

Act, 1953 (Act 3 of 1953) by Proclamation R.109 of 12 June 1986: IAN DONALD MACKENZIE

With reference to your telex dated 20 January 1987, I wish to advise that the political unrest which prevails in the country, especially amongst the black communities, manifests in various ways, inter alia'n endeavours to bring the administration of the State into disrepute by the creation of unofficial structures intent on supplanted existing ones. These endeavours led to the break-down of law and order with concomittant eruption of violence, injury to or death of innocent persons and damage to private and public property.

According to information at my disposal, your client was arrested in the act of distributing inflammatory pamphlets in connection with the 'Christmas against the Emergency Campaign'. This campaign has already led to numerous incidents of violence. His actions undermined and endangered the maintenance of public order. "

Die aansoek om respondent se vrylating het inmiddels voort-

gegaan. Appellant het dit bestry maar nieteenstaande

...../7

7.

sy teenstand het WILLIAMSON R op 31 Maart 1987 'n bevel ver-

leen -

" that the continued detention of applicant

under Regulation 3(3) is declared to be unlawful and the respondents are directed forthwith to release the applicant from detention at Polls-moor Prison."

Die appellant is ook gelas om die koste van die aansoek te betaal. Met verloop van hierdie hof het appellant nou in hoër beroep gekom teen die hele bevel.

Soos uit die bevel blyk, is al die smeekbedes in die kennisgewing van mosie nie toegestaan nie. Smeekbede (d) het verval weens die ontvangs deur respondent se prokureur van die brief van 10 Februarie 1987 en smeekbedes (b) (i) en (ii) is nie toegestaan nie omdat bevind is dat die arrestasie en aanvanklike aanhouding inderdaad geldig was.

/8 8.

Ek is van voorneme om die hof a quo se motivering vir hierdie bevinding volledig aan te haal maar voordat ek dit doen, is dit nodig om eers te verwys na die inhoud van die pamflet wat die respondent versprei het. Dit is voorberei deur die United Democratic Front ("UDF") - 'n organisasie wie se be-drywigheide nie tans ter sprake is nie - met die pog op 'n veldtog wat beplan was vir die tydperk van 16 tot 26 Desember 1986. Die eerste gedeelte daarvan lui soos volg :

"LET US MAKE THIS A CHRISTMAS TO REMEMBER

* Remember those in detention especially the CHILDREN. The Detainees Parents Support Committee (DPSC) believes more than 2000 children under the age of 18 are in detention. * Remember the thousands who have died in the

/9

9.

struggle for freedom.

* Remember the thousands who have left the country. Some are training to fight in Umkhonto we Sizwe, the army of the ANC. The thousands in exile can-not be with their families this Christmas or any Christmas until we are free.

UDF CALLS ON ALL SOUTH AFRICANS TO OBSERVE THE PERIOD

16 Dec - 26 Dec IN A WAY THAT WILL BRING US CLOSER TO THESE THOUSANDS IN AIL AND IN EXILE.

LET THERE BE NO DRUNKARDNESS, INSTEAD OF SPENDING MONEY ON FANCY PRESENTS AND PARTIES - USE THE MONEY TO SUPPORT THE FAMILIES OF DETAINEES, THE UNEMPLOYED AND THE WORKERS ON STRIKE"

Umkhonto we Sizwe en die ANC het geen bekendstelling nodig

nie en oor die bedrywighede van dié organisasies hoef ook

nie uitgewei te word nie. Met betrekking tot die inhoud van

die pamflet en respondent se verspreiding daarvan het WIL-

LIAMSON R opgemerk:

/10

10.

" I turn then to consider in more detail the first portion of the pamphlet. There can be no doubt but that the sentiments expressed therein are ones of identification with and sympathy for the fighters of Mkonto we Sizwe, the army of the ANC. Many of these people have been guilty of horrifying acts of terrorism and brutality. They are responsible for the death and maiming of many innocent people. To express solidarity with these sort of people is, at the very least, to give tacit approval of their evil deeds. This portion of the pamphlet can, in my judgment, reasonably be considered to have the potential of contributing towards and fostering a climate of approval of terrorism and violence. It is clearly not a direct call for acts of terrorism or violence or a direct approval thereof, but in its own not too subtle way it is an indirect expression by the UDF of its own approval of the methods adopted by the military wing of the ANC. To distribute a pamphlet with this message carries the potential for heightening tensions and of endangering public order and safety. Mr Viljoen contended that this portion of the pamphlet could reasonably be regarded as inflammatory and encouraging the idea that with force problems can be solved. In my opinion there is substance in this argument. From this it follows that the initial arrest and detention of the applicant on 12 December

..../11

11.

was, in my view, justified under the regulations." Ek behandel vervolgens die redes waarom respondent se verdere aanhouding ooreenkomstig reg 3(3) ongeldig verklaar is. Ter inleiding vestig ek die aandag op die feit dat die veldtog waarop die pamflet betrekking gehad het op 26 Desember 1986 ten einde sou loop sodat dit nie rede-likewyse verwag kon word dat die pamflet na 26 Desember verder versprei sou word nie. Ten spyte daarvan dat dit dus nie redelikerwys verwag kon word dat respondent hom na 26 Desember weer aan dieselfde gedrag sou skuldig maak as die wat aanleiding gegee het tot sy arrestasie nie, was WIL-LIAMSON R van oordeel dat daar redelike gronde was vir sy aanhouding na 26 Desember vir solank die regulasies van krag sou bly. Sy redenasie lui soos volg:

/12

12.

"As I have already pointed out I consider that the initial arrest and detention on 12 December was justified. There were, in my view, grounds upon which the detaining member of the Force could reasonably have held the belief that such initial detention was necessary for one or more of the four purposes set out in Regulation 3(3). There was also, in my view, grounds upon which the 1st respondent could reasonably have held the view that the further detention of applicant until the end of the State of Emergency was necessary for the stated purposes. I say this because of the legal approach which I am compelled to adopt in opposed applications of this nature. The facts set out in the 1st respondent's papers filed in court show the following:

1. Applicant was a person whose Hout Bay activities and note book could reasonably justify the view that he was a political activist operating clandestinely in ways which threatened the public safety and order.
2. The prior detention for three months did not deter him from his activities for on 12 December he was found to be distributing pamphlets which could reasonably be

...../13

13.

regarded as being of a subversive nature as discussed earlier in this judgment.

3. It would not be unreasonable to think that the applicant was undeterred by the prospect of detention and that if he were to be released at the end of the Christmas campaign period he was the sort of person who would probably carry on with political activities of a subversive nature.

If this was the view which the 1st respondent in fact held and if this view was the basis upon which the detention order was signed, then applicant would not have made out a case. Indeed Mr Seligson readily conceded this."

(Die aktiwiteite en notaboek waarna in paragraaf I verwys word, het betrekking op die respondent se eerste aanhouding).

Hoe dit gekom het dat appellant se lasgewing nogtans ongeldig beskou is, blyk uit die laaste

/14

14.

passasie uit die uitspraak wat ek van voorneme is om aan te haal en wat soos volg lui :

" (Mr Seligson) submitted however that on the papers before me it is clear that 1st respondent did not in fact hold this view and that the truth of the matter is that in all probability he did not have regard to the considerations which the law required of him.

After careful consideration I have come to the conclusion that Mr Selligson's submissions in this regard are correct. What primarily leads me to this conclusion is the letter of 10 February written by 1st respondent in response to a request for reasons to be furnished for applicant's continued detention. This letter, after referring to the distribution of pamphlets, baldly makes the following statement:

'This campaign has already led to numerous incidents of violence. His actions undermined and endangered the maintenance of public order.' There is not one word about the campaign being limited to the period 16 to 26 December; not one word about fears for the future or that further actions of an undermining or endangering

/15

15.

nature might thereafter be committed. One would have thought that if 1st respondent had directed his mind at all towards the necessity for detaining the applicant for as long as the regulations remain in force, he would at least have mentioned something in his letter in this regard. The campaign was so obviously of a limited time duration that it is inconceivable that anyone could be detained beyond the time period of the campaign unless there were other reasons unconnected with this limited campaign. If there were such reasons it is difficult to believe that they would not have been given when the whole purpose of the letter was to give reasons for the further detention of applicant. Furthermore if there were such reasons and 1st respondent did not want to disclose them he could so easily

have said so. 1st respondent does say in paragraph 4 of his affidavit that he considered a motivated recommendation before ordering the further detention. One wonders whether this recommendation even directed attention towards the necessity of detention beyond 26 December. I say this for the reason that 1st respondent in paragraph 7 of his affidavit confirms that the reasons set out in his letter are in fact his reasons. In my view

/ 16

16.

all this serves to strengthen the almost irresistible inference that 1st respondent never applied his mind to the necessity of a detention beyond 26 December in order to achieve one or more of the purposes set out in Regulation 3(1). That he was, as a matter of law, required to direct his mind to the time period of the detention is manifest. That this time period had to be evaluated within the parameters of a necessity to achieve the stated objectives of the regulation is equally manifest. That 1st respondent on his own showing failed to direct his mind to these considerations is in my opinion an inescapable conclusion. "

Uit die voorafgaande blyk dit dat die hof a quo slegs'n enkele nadelige bevinding vir die appellant gemaak het nl

dat hy versuim het om die noodsaaklikheid van respondent se aanhouding na 26 Desember 1986 te oorweeg. By die beredenering van die appel was hierdie bevinding die kern van die geskil.

In die skriftelike betoogpunte wat namens die respondent in-
/ 17

17. gehandig is, was die geldigheid van sy arrestasie en aanvanklike aanhouding ooreenkomstig reg 3(1) wel weer opnuut in gedrang gebring maar tydens die beredenering het sy advokaat tereg toegegee dat dit onaanvegbaar is. In die skriftelike betoogpunte is die ligging van die bewyslas ook te berde gebring. Op gesag van Minister of Law and Order v Dempsey and Another (supra) het appellant se advokaat aangevoer dat die bewyslas op die respondent rus om die hof te oortuig dat die appellant versuim het om die noodsaaklikheid van die aanhouding na 26 Desember 1986 behoorlik te oorweeg. Respondent se advokaat het aangevoer dat Dempsey verkeerd beslis is wat die ligging van die bewyslas in sake soos die onderhawige betref. Ek vind dit egter onnodig om uitsluitel hieróór te gee aangesien ek van mening is dat die waarskynlikhede dat
/18

18. die appellant wel die noodsaaklikheid van die aanhouding na 26 Desember 1986 oorweeg het, in sy guns is.

Aanvanklik moet daarop gewys word dat die betrokke geskilpunt, net soos enige ander feitegeskil, deur die verhoorhof beslis moes word aan die hand van die waarskynlikhede soos geopenbaar in al die beskikbare getuienis en met behulp van elke geregverdigde afleiding, en dat die hof a quo dit beslis het op die voorgelegde beëdigde verklarings sonder enige mondelinge getuienis of geloofwaardigheidsbevindings. Die struikelblok genoem in D v Dhlumayo and Another 1948(2) S A 677 (A) op 695-698 staan die appellant dus nie in die weg nie.

Die enigste grond wat in die uitspraak vir die hof se bevinding aangevoer word, is dat appellant geen redes

/19

19.vir respondent se voortgesette aanhouding verskaf het nie behalwe dié in die brief van 10 Februarie 1987 waarin die feit nie vermeld word dat die veldtog van beperkte duur was of dat verdere optrede wat die handhawing van die openbare orde in gevaar kon stel na 26 Desember 1986 van dle respon-dent verwag is nie. Dit is inderdaad so dat appellant geen verdere redes verskaf het nie. In sy bestrydende beedlgde verklaring beweer hy dat hy respondent se verdere aanhoudng gelas het nadat 'n gemotiveerde aanbevelng aan hom gedoen is waarna hy dit sorgvuldig oorweeg en te goeie trou geoordeel het dat die verdere aanhouding nodig was vir die handhawing van die openbare orde. Hy verwys na die brief van 10 Feb-ruarie 1987 en voeg dan by:

"Ek bevestig dle inhoud van hierdie skrywe

/20 20.

en die redes daarin verstrekk en voeg by dat my diskresie te alle relevante tye behoorlik, opreg en bona fide uitgeoefen was."

Ek stem egter nie saam dat appellant se versuim om enige ander redes te verstrekk die afleiding regverdig dat hy nie die noodsaaklikheid van die aanhouding na 26 Desember 1986 oorweeg het nie. In die lig van wat volg, is dit myns insiens veel meer waarskynlik dat oorwegings wat nie in die brief genoem is nie, bygedra het tot sy besluit om die respondent verder aan te hou.

As vertrekpunt verwys ek na WILLIAMSON R se op-merking in die laasaangehaalde passasie uit die uitspraak

dat "(t)he campaign was so obviously of a limited time

duration that it is inconceivable that anyone would be

detained beyond the time period unless there were other

..../21 21.

reasons unconnected with the limited campaign". Ek kan nie sê dat ek hierdie beklemtoning van die beperkte duur van die Kersfees-veldtog heeltemal begryp nie. Natuur-lik kon dit nie redelikerwys verwag word dat die pamflet wat tydens die veldtog gebruik is na 26 Desember verder versprei sou word nie. Maar dit is klaarblyklik nie waarom dit gaan nie; wat die appellant moes oorweeg, was nie of die respondent na 26 Desember sou voortgaan met die verspreiding van die besondere pamflet nie. Deur die verspreiding daarvan het hy sy gesindheid openbaar en sy bereidwilligheid om deel te hê aan die bedreiging van die veiligheid van die publiek of die handhawng van die openbare orde. Wat appellant in die lig hiervan moes oorweeg, was of dit noodsaaklik was om hom aan te

/22 22,

hou, gedagtig daaraan dat hy na Kersfees op 'n ander wyse aan dieselfde soort aktiwiteite kon deelneem. Dit is hoe WILLIAMSON R self geredeneer het in paragraaf 3 van die voorlaaste passasie uit die uitspraak wat ek aange-haal het. Hoe dit ook al sy, appellant was ongetwyfeld be-

wus dat die pamflet betrekking gehad het op 'n tyd-beperkte veldtog. Dit spreek duidelik uit die verwysing in die brief na die "Christmas against the Emergency Campaign". Hy moes dus geweet het dat hy nie verdere aanhouding kon gelas bloot weens respondent se verspreiding van die pamflet nie, tensy hy totaal onbewus was van die doel van aanhouding ooreenkomstig reg 3 en van die perke van sy bevoegdheid om verdere aanhouding te gelas. Dit word

/23 23.

nêrens in die stukke beweert dat dit die geval was nie -selfs nie eens in respondent se repliserende verklaring waarin, na ontvangs van appellant se bestrydende verklaring, spesifieke bewerings gemaak is ten aansien van die opsigte waarin hy sou foutter het nie. Boonop het respondent se prokureurs dit uitdruklik in hulle versoek van 23 Desember 1986 onder appellant se aandag gebring dat respondent nie onder die regulasie aangehou kon word bloot weens die verspreiding van die pamflet nie. Dit is nouliks denkbaar dat appellant, na ontvangs van hierdie tereg-wysing, in die verskafde redes sou wou te kenne gee dat hy gedoen het presies wat hy gemaak is om nie te doen nie. Die opvalendste weglating, myns insiens, uit appel-

lant se brief van 10 Februarie 1987 is 'n verwysing na

/24

24. respondent se vorige aanhouding. Dit sou naïef wees om te veronderstel dat, indien appellant daarvan geweet het, die vorige aanhouding nie 'n belangrike rol in sy besluit gespeel het nie. En dit sou ewe naïef wees om te vermoed dat hy nie daarvan geweet het nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die polisie nie sy aandag op hierdie kardinale feit gevestig het nie. Volgens majoor Smit, die persoon wat respondent se arrestasie en aanhouding op 12 Desember 1986 gelas het, was hy, Smit, volledig op hoogte met die optrede wat aanleiding gegee het tot respondent se eerste aanhouding (dit is alles, trouens, in respondent se lêer genotulger) en dit was vir hom duidelik dat sy vorige aanhouding die respondent nie van stryk gebring het nie en hy steeds bereid was om aktief deel te neem aan

/23

25. die Kersfees-veldtog. Dit is waarom hy van oordeel was dat respondent se arrestasie en hernude aanhouding nodig was. Ek vind dit ondenkbaar dat dieselfde inligting nie aan appellant oorgedra is nie en dat, na oorweging daarvan, hy nie presies dieselfde oordeel as Smit gevorm het nie. Tog word die vorige aanhouding nie as bykomende rede in die brief genoem nie. Ek glo ook nie dat dit nodig was om dit te noem nie. Blykens die teleks waar-In respondent se prokureurs op 20 Januarie 1987 die redes aangevra het vir sy voortgesette aanhouding het hulle die redes benodig met die oog op vertoe vir respondent se vrylating wat hulle van voorneme was om tot appellant te rig. Appellant se antwoord van 10 Februarie 1987 kan nie beskou word as 'n formele uiteensetting van redes en op

...../26

26. daardie basis beoordeel word nie. Dieselfde prokureurs het tydens sy eerste aanhouding namens respondent opge-tree en in hulle versoek van 23 Desember 1986 het hulle pertinent na die vorige aanhouding verwys, Hulle (en respondent natuurlik self ook) het geweet dat hy vante-vore aangehou en vrygelaat is en al wat nodig was, was om hulle in te lig oor wat hy daarna gedoen het om hom weer in aanhouding te laat beland. Dit is wat appellant in die brief gedoen het. In die lig van appellant se bewustheid van die beperkte duur van die veldtog, van die sterk waarskynlikheid dat hy ook bewus was van die vorige aanhouding, en van die vanselfsprekende effek wat kennis van die vorige

aanhouding moes gehad het op die besluit om die respondent

/27 27.

weer aan te hou, is dit myns insiens veel meer waarskyn-

lik dat appellant op die verdere aanhouding besluit hetweens redes wat nie in die brief genoem is nie, as dathy eenvoudig nie oorweeg het of dit nodig was om respon-

dent na 26 Desember 1986 aan te hou nie.

Dat bykomstige redes nie in appellant se bestrydende

beëdigde verklaring verskaf is nie kan natuurlik nie ge-

gnoreer word nie. Die verklaring was immers die formele

antwoord op bewerings dat respondent se voortgesette aan-

houding ongeldig was en dit kon van appellant verwag word

om die volledige redes daarvoor te openbaar. Nogtans kan

daar myns insiens nie veel van hierdie leemte in appellant

se saak gemaak word nie. Die vraag is of die afleiding

geregverdig is dat oorwegings wat nie genoem is nie, nie

/28 28.

oorweeg is nie en ek het reeds gewys op die sterk waarskynlikheid dat ander oorwegings

inderdaad 'n rol gespeel het. Maar selfs al sou ek fouteer en selfs al sou die appel beslis moet

word op die basls dat die waarskynlik-hede nie aandui dat appellant bewus was van die vorige

aanhouding nie, meen ek dat die afleiding wat WILLIAM-SON R gemaak het nie geregverdig is

nie. Vir die beslis-sing van die appel op hierdie basis postuleer ek dat die appellant nie van die

vorige aanhouding geweet het nie en bepaal ek my bloot by wat in die brief van 10 Januarie 1987

en in appellant se bestrydende verklaring gesê is.

In die brief verwys die appellant na die politieke onrus wat destyds geheers het en speslfiek na die ver-steuring van wet en orde, geweldpleging, die besering en

...../29

29. dood van onskuldige persone, en die beskadiging van eien-dom. Vervolgens verwys hy na respondent se verspreiding,

te midde van hierdie toestand, van 'n opruiende pamflet inverband met die Kersfees-veldtog wat self tot veelvuldigegevalle van geweldpleging gelei het, en ten slotte verklaarhy dat respondent se optrede die handhawing van die open-bare orde ondermyn en in gevaar gestel het. Ek het reeds daarop gewys dat respondent se verspreiding van die pamflet

sy gesindheid en sy bereidwilligheid om deel te neem aanoptrede wat die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde bedreig, openbaar het. Ek hetook daarop gewys dat appellant in die lig hiervan moes

oorweeg of dit nodig was om respondent ooreenkomstig

reg 3(3) aan te hou, gedagtig daaraan dat hy na áfloop

...../30

30. van die veldtog weer op 'n dergelike manier mag optree. Appellant het onder eed verklaar in sy bestrydende verklaring dat hy respondent se aanhouding sorgvuldig oor-weeg het en van oordeel was dat sy verdere aanhouding nodig was vir die handhawing van die openbare orde. Dit is bekend dat hy gelas het dat die verdere aanhouding sou duur vir solank die regulasies van krag sou bly.

Ek kan werklik nie dink watter verdere wesenlike bewerings gemaak moes word om die hof te oortuig dat die noodsaaklikheid van aanhouding na 26 Desember 1986 oorweeg is nie. Indien die besluit om die respondent na daardie datum aan te hou in al die omstandighede van die saak uiters onredelik was, was die afleiding dat die duur van sy aanhouding nie oorweeg is nie, dalk geregverdig

...../31

31. (vgl Nggumba (sugra) op 252 F.G). Maar dit is klaarblyk-

lik nie .

My gevolgtrekking is dat WILLIAMSON R die aange-vraagde bevel nie moes verleen het nie en dat die appèl derhalwe gehandhaaf moet word. Wat die koste van appèl betref, meen ek egter nie dat die dienste van twee advo-kate geregverdig kan word nie.

Die appèl slaag met koste. Die bevel van die hof

a quo word tersyde gestel en vervang met die volgende:

"The application is dismissed with costs includig the costs of two counsel."

J J F HEFER AR. VIVIER AR) STEYN AR) STEM SAAM. EKSTEEN AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1989/14.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/minister-van-wet-en-orde-v-mckenzie-unknown-topic-asca-1989>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria